# OosterBEELD

Kwartaal 1 van 2023

## Vinnig Vorentoe




www.OosterBEELD.co.za

# IN HIERDIE UITGAWE:

## FLATTIES OMSKEP IN OOSIES

Meer oor ons Graad 8-kamp en die 'Bootkamp' wat die nuwe Graad 8's in Januarie gehad het!

## WELKOMWEEK EN GROENTJIEKONSERT

Ons nuwe Graad 8's geniet elke jaar die welkomweek vreeslik baie - die tema is goed beplan vir hope pret!

## DIE SKOOL VOL GEES

Oosies en die Geesweek!

## OOSIES: "ON TOP OF THE WORLD"

Die Oosies het Vrydag, 17 Februarie 2023, Oosterlig se naam hoog gehou by Herman Immelman-stadion.

## CITIUS. ALTIUS. FORTIUS.

Vinniger. Hoër. Sterker.

## MOEDERTAALDAG BY OOSTERLIG

Afrikaans is Oosterlig se taal!

## WENKE VIR DIE TOETSREEKS

Hier is 'n paar wenke wat jou punte 'n hupstoot kan gee as jy dit volg

## DIE OOSIES VIER LEESFEES!!

En eie aan Oosie-tradisie is daar nie teruggehou nie!

## KLEURFEES

Ons sluit die jaar af met KLEUR!

## TOERE: SPORTTOERE EN DIE EUROPATOER

Die Aprilvakansie vol avontuur en pret!







# FLATTIES OMSKEP IN OOSIES

~ Monique Alberts

Vrydag, 6 Januarie, verwelkom die Oosies ons nuwe lede, die graad 8's van 2023, deur af te skop met 'n lekker inlywingskamp. Na ure se toustaan vir registrasie begin die kamp met ysbrekerspeletjies sodat die vreemde graad 8's mekaar kan leer ken voordat hul aan die skool bekend gestel word. Die kamp was propvol speletjies – die waterkaskenades was natuurlik 'n hoogtepunt vir almal. Ten spyte van die weer wat die graad 8's verplig het om hul passie vir dans uit te brei, was elke oomblik binne die lokale en op die terrein 'n fees.

Die laaste dag breek na min slaap aan, maar selfs met lae energievlakke hou die leierskomitee die tradisies hoog. Vroegoggend is die graad 8's reeds wakker gemaak sodat die waardes en etos van ware Oosies by hul te weeg gebring kon word – die aanleer van die Erekode is natuurlik prioriteit. Die kamp is afgesluit met 'n pragtige kerkdiens. Danksy meneer Nel, juffrou Van der Walt, oom Piet en al die graad 8-voogonderwysers onder leiding van juffrou Dela Guerre, die leierskomitee, en natuurlik die graad 8's wat dié kamp 'n reuse sukses gemaak het.

Waar die res van Hoërskool Oosterlig eers op 11 Januarie hul vakansie afgesluit het om die nuwe jaar aan te pak, het ons graad 8's reeds op 9 Januarie by Hoërskool Oosterlig se 'Bootcamp' gearriveer om Afrikaans, Engels en Wiskunde toetse en atletiekuitdunne af te lê. Ons Flatties was uitgeput, maar eindelik gevul met die regte inhoud om by die res van die Oosies aan te sluit. Flatties, welkom by Hoërskool Oosterlig. Ons verwelkom julle by ons Oosie-familie!

**BAIE FOTOS - KYK HIER**








# WELKOMWEEK EN GROENTJIEKONSERT



~ Mieke Dippenaar

Op 11 Januarie 2023 het die graad-aggies die groot sprong geneem met hoop in hulle vreesbevange ogies. Hulle het die eerste twee weke van hulle hoërskoolloopbaan aangedurf. Gou het hulle besef om werklik deel van die F1-span te wees, moet die Flatties "flat-out" vinnig vorentoe versnel gedurende Welkomweek en die Groentjiekonsert.

"IS JULLE REG, FLATTIES??!!"

Baie bekende woorde wat vir twee weke deur die skoolgebou weergalm het ... Die rede? Die Termometers (leierskomitee) oriënteer die Groentjies eie aan Oosie-tradisie.

Sommer vinnig kom die Flatties se oriëntering tot 'n einde, maar nie voor hulle die renbaan van Welkomweek en die Groentjiekonsert betree ten aanskoue van 'n skare angswekkende senior-Oosies nie.

Doughnuts saam met Meneer Nel!

Hier is die graad 8's wat Hoërskool Oosterlig se erekode die beste ken. Dié leerlinge het hier saam met die leierskomitee en mnr. Nel doughnuts geniet. #PrestasieIsPret



## WELKOMWEEK (16 JANUARIE – 20 JANUARIE)



Die Flatties moes elke dag hulle F1-kreatiwiteit tot die uiterste beproef ten einde nog ‘n podiumvlak op te beweeg. Maandag moes hulle hardloopskoene aantrek soos ‘n maratonatleet. Dinsdag het die stoomtreindrywers lugbesoedeling veroorsaak en Woensdag was almal opgetof soos hul gunsteling F1-span.

Groot was ons verbasing toe die Flatties Donderdag skoon van rat verwissel en hul verkeersligkostuums ophelder soos regte egte robotte. Self Eskom was verstom. Uiteindelik breek Vrydag aan en die Flatties kom te staan voor hul Achilleshiel... Die Erekode!!!



## GROENTJIEKONSERT (24 JANUARIE-26 JANUARIE)

Vir die Termometers styg die kwik hoog. Die Flatties funksioneer in 5de rat en die laaste rondte veroorsaak ‘n magtige dreuning. Volgens die gehoor se terugvoer het die Flatties net geen brieke aangedraai nie en die geruite vlag is helaas gehys. F2-Flatties staan eerste op die podium as F1-Oosies.

Flatties, ons groet julle.
Oosies, ons verwelkom julle!

# DIÉ SKOOL VOL GEES

~ Monique Alberts

Oosies en die GEESWEEK!

Die week begin, 13 Februarie 2023, met ‘n vriendskapsdag waar almal die kleur pienk dra. Wat sou ons doen sonder ons vriende? Na skool word die tradisie van Hoërskool Oosterlig hoog gehou wanneer die matrieks saam met mevrou Herron tyd spandeer om hul geesstokke (“spirit sticks”) te versier.

Dinsdag is die dag van liefde. Rooi. Rooi. Rooi! Dit is al wat jy sien soos wat jy tussen die klasse deurbeweeg. Die skool is vol rooi versierings en die Oosies ook, van kop tot toon getooi in rooi.

Brr… die koue is op Oosterlig met ice ice baby. Woensdag, 15 Februarie 2023, kry elke Oosie wat die interhoër gaan ondersteun ‘n heerlike roomys. Só word ons Oosies bederf! Donderdag word die Oosies die geleentheid gebied om vroeër te vertrek – die stilte voor die storm. Ons moes uitrus en voorberei vir die dag waarna Oosterlig nog die heeltyd uitgesien het.

Vrydag, 17 Februarie 2023, die dag van Interhoër 2023 is hier en die Oosies is gereed! Na die geesweek sien elke Oosie uit om hul uitbundige gees op die baan en op die pawiljoen ten toon te stel. Met behulp van mevrou Herron was elke Oosie goed voorberei vir die lang dag wat op ons wag.

Geesweek was ‘n fees! Vol kleur, roomys en genoeg slaap. Die week eindig op ‘n hoogtepunt by die Interhoër waar die Oosies gewys het hoe ‘n ware skool vol gees lyk – ons het dan selfs die trofeë om daarvan te getuig!







# OOSIES: "ON TOP OF THE WORLD"

~ Donné Fowler

Die Oosies het Vrydag, 17 Februarie 2023, Oosterlig se naam hoog gehou by Herman Immelman-stadion.

Die busse het vroeg Vrydagoggend reeds om 7 uur vertrek om die Oosies na die stadion te neem. Dit was die meeste van die Oosies se eerste Interhoër, aangesien dié geleentheid vir twee jaar uitgestel is as gevolg van die Covid-19 pandemie.
Die Oosies het glad nie teleurgestel nie. Ons het weereens die Geesbeker vir die sewende agtereenvolgende jaar gewen! Hierdie jaar se tema was 'Oosies are on top op the world'.
Die dirigente het die danse oorspronklik gechoreografeer om by die tema te pas. Ons het nie net die Geesbeker gewen nie, maar is ook aangewys as die skool met die beste dirigente.
Die dogters- en seunsatlete het elk 'n tweede plek behaal. Oosterlig het gevolglik 'n algehele tweede plek behaal. Baie dankie aan al die atlete wat trots in rooi en blou deelgeneem het.

Die pompoms het verder 'n uitstekende optrede gelewer. Die hoofpompom, Kaylize Schutte, het gesê dat dit vir haar in die begin baie stresvol was, en dat sy nie seker was of sy dié verantwoordelikheid sou kon baasraak nie – of sy die span tot die beste van haar vermoë sou kon lei nie. Ek dink dit blyk duidelik dat sy niks minder as haar beste gegee het nie! "Hulle almal het my, as hoofpompom, geïnspireer om aan te hou. Almal het so gegroei as dansers en as mense. Ek het 'n spesiale plekkie in my hartjie vir hierdie groep meisies. Al die fiksheid, trane, armoefeninge en selfs val was beslis die moeite werd, want ons het absoluut voortreflik gelyk!"

Baie dankie aan die 450 Oosies wat saam met die dirigente en juffouens C. Herron en G. Herron gewerk het op die pawiljoene en wat die dag saam as 'n skool spandeer en geniet het. 'n Klein bietjie reën het glad nie hierdie groep Oosies se gees gekniehalter nie!
Juffou G. Herron sê: "There were nearly 700 Oosies at Interhigh yesterday. Every one of them worked very hard and made us so proud to be the hosting school."

Al die Oosies is opgewonde om te sien wat vir Interhoër 2024 beplan word!



# CITIUS. ALTIUS. FORTIUS.

~ Chiara Dover

Vinniger. Hoër. Sterker.

Dit was die visie waarmee mevrou Koekemoer die Oosterlig pompoms 29 jaar gelede begin het. Mevrou Koekemoer raak nog nostalgies oor hulle eerste liedjie: O Fortuna Carmina Burana.

Op daardie stadium was seuns nog deel van die pompoms om te help met optelaksies. Dít is totdat een seun onbetroubaar was en van daar af het mevrou Koekemoer besluit dat die meisies dit self kan doen.

Hier is ons nou, amper dertig jaar later met ‘n uitmuntende suksesvolle pompom-span. Die pompoms is gebou op behoudende tradisies, wat stories vertel waarvoor jou kleinkinders se monde sal oophang.

Een van die tradisies, nadat die pompoms gekies is, is die gevreesde oefenweek. Daardie term wek koue rillings en effense opwinding by enige pompom. Die oefenweek vind tydens Desember/Januarie plaas. Nege uitmergelende ure per dag – 5 dae lank!  Dit bied die pompoms die geleentheid om elke danspassie perfek te bemeester ter voorbereiding vir die Oosie-kritiek. Ons het immers hoë standaarde!

Die meer-gevreesde ontgroening is tydelik afgestel, terwyl almal nog herstel van die grendeljare. Natuurlik sal elke Oosie die eerste pompomoptrede kan onthou by die Interhuis waar ons blootgestel is aan die nuwe generasie rasieleidsters. Kon mens hulle nie raaksien met hulle helderpienk hemde nie?  Die kreet: “Barra, barra, barra. Berri, berri, berri. Barra-berri-hoo” is in die harte van elke Oosie gegraveer.



V E R V O L G . .

Natuurlik is die pompomoorslaap een van die hoogtepunte vir elke pompomlid en deel van die tradisie. Al sestien meisies slaap by die hoofpommie se huis die aand voor Interhoër oor. Hulle oefen, swem, luister musiek, neem foto's en geniet elke oomblik van die oorslaap. Met die Groot Dag, is die pompoms reeds 3 uur op die been om voor te berei vir dié dag – die Interhoër!

Marné de Swart sê: "Ek voel deel van die familie. Ons het baie hard gewerk en deur dik en dun saamgestaan."

Dankie aan Kaylize Schutte, die hoofpompom, en Leandri Scheepers en Avonique van Rooyen, die onderhoofpompoms, wat die Oosie-pompoms tot ‘n glorieryke en elegante optrede gelei het. Dit getuig van al die harde werk en baie oefening!

"This year's pompoms are pretty; their dance was entertaining and the lifts were perfect. A pleasure to watch on the field and a pleasure to have on the pavilion." – Mrs. G. Herron.

Die Oosies se ondersteuning tydens hul dans was: "Wow, wow, wow!" Hulle ondersteuning was soos ‘n skeut espresso.

"Hulle was puik. Well done, dames!" – Mnr. B. Bradford. Dankie aan meneer wat die pompoms stiptelik en veilig na die stadion en terug vervoer het.

## V E R V O L G . .

Die hoofpompom, Kaylize, wil julle met hierdie woorde laat: “Ek weet eintlik nie wie my as ‘n leier inspireer nie… En die danse – ek het ‘n liefde vir dans wat niemand ooit sal verstaan nie. Dit is iets waarvoor ek met my hele hart lief is. Dit is my talent wat Jesus vir my gegee het. Almal het ‘n talent en ek voel dans is my talent. Ek luister musiek en dan pop daar bewegings in my kop op. Ek kyk ook baie video’s oor danse om idees te kry. Ek het aanvanklik gestres, want dit was my eerste jaar wat ek eintlik alles moes doen en reël. Ek was nie seker of dit so maklik gaan wees nie, en dit was nie altyd maklik nie. Daar was tye wat ek myself gevra het: Kan ek hierdie doen? Is ek goed genoeg om dit te kan doen? Kan ek hierdie span lei? Maar ek dink alles was die moeite werd: Die trane, die moegheid en al die fiksheidsoefeninge.

Dit alles het ons die span gemaak wat ons tydens Interhoër op die veld was. Ek het ‘n spesiale plekkie vir al die pompommeisies in my hart. Hulle is nie net my pompoms nie, maar ek gee regtig om vir hulle. As ek by die skool is, voel dit vir my soos my huis as ek by die pompommeisies is. Hulle elkeen het baie talent en ek is baie trots op al die harde werk wat hulle ingesit het. Ek dink nou dat dit hulle is wat my inspireer. Die meisies wat aanhou veg, aanhou baklei en elke keer terugkom. Hulle is díe mense wat my inspireer om elke dag terug te gaan en aan te hou. Dis hulle wat vir my ‘n liefde vir POMPOMS gegee het. Hulle inspireer my, omdat hulle so baie gegroei het. Die helfte van ons kon nie eers spreibeen sak nie. Nou is dit vir ons niks om dit te doen nie.’n Paar van ons kon nie eers ‘n wawiel doen nie en kyk nou! Dit is wonderlik wat ons almal bereik het!”

“Onder die stadsligte is daar ‘n wêreld waarvan min weet.”

Dis Oosieland en die pompoms, saam met die ander Oosies, is trotse burgers daarvan!

Volgende jaar sal hulle weer vinniger, hoër en sterker wees.

## M O E D E R T A A L D A G  B Y  O O S T E R L I G



Die opdrag was: Oosies, neem 'n kort video waarin jy (en jou vriende) 'n Afrikaanse idioom of gesegde op 'n kreatiewe wyse uitbeeld.

Kry die bal aan die rol en plaas jou/julle video op Instagram of Facebook, "tag" Evo Oosterlig en gebruik #OosieAfrikaans #Oosietrots

Die Oosie met die oorspronklikste video van 'n Afrikaanse idioom of gesegde het 'n geskenkbewys gewen vir sy/haar volgende paar vellies - 'n SKOEN WAT ALMAL PAS!

❤

'n Warm hart steek die ander aan die brand! Aitsa, Oosies het ons bakgat taal saam met ons gevier!

*Alle video's is op sosiale media gelaai.

❤

#OosieAfrikaans

## VERVOLG...

Dinsdag, 21 Februarie, was Internasionale Moedertaaldag - die dag waarop tale wêreldwyd erkenning kry vir die unieke skat wat dit is.

Op dié dag kan elke spreker bestek opneem van die taal waarmee hy of sy die wêreld leer ken het.

Afrikaans is die taal waarin die Oosies met hul vriende gesels, die taal wat hulle op die sportveld speel, die taal waarin hulle opvoer, redeneer en gelukkig genoeg is om in te leer!

Volgens Hans du Plessis is Afrikaans die taal waarin jy juig as dit goed gaan, bid as dit swaar gaan, en selfs swets as nie een van die twee meer wil werk nie.



# WENKE VIR DIE TOETSREEKS



~ deur Kayleigh van der Merwe

Die toetsreeks is reeds aan die gang en die spanningsvlakke in elke Oosie se gemoed is hoog. Hoe presteer jy op akademiese gebied en bly steeds op datum met al jou huiswerk, sport-en kultuuraktiwiteite of enige ander buitemuurse verpligtinge?

Hier is ‘n paar wenke wat jou punte ‘n hupstoot kan gee as jy dit volg:

- Bly kalm. Om oorweldig te voel, is sonder twyfel normaal, maar moet nie paniekerig raak nie. Neem een dag en een toets op ‘n slag en jy sal die berg voor jou tree vir tree oorwin.

- Dit is ook baie effektief om op ‘n kalender of op ‘n witbord al die aktiwiteite vir elke dag uiteen te sit. Daarmee kry jy daardie bevredigende gevoel wanneer jy die afgehandelde aktiwiteite kan doodtrek.

- Leer kliphard, maar moenie vergeet om te rus nie. Slaap en kos is jou liggaam se brandstof wat benodig om aan die gang te bly. Organiseer dus jou tyd vir beide rus en leer en jy sal skerp vir jou toets wees.

- Vind die leermetode wat jou as persoon pas en hou daarby! Elkeen dink anders – dit is wat ons uniek maak. Deur jou eie leermetode te gebruik, gaan jou kalmer laat voel en dit sal tot jou voordeel strek.

- Laastens is ons altyd onseker of ons die werk goed genoeg ken. Albert Einstein het die antwoord daarvoor: “If you cannot explain it simply you do not understand it well enough.” Sterkte Oosies, julle kan dit doen! STERKTE OOSIES!








# DIE OOSIES VIER LEESFEES!!

Dis waarlik 'n fees om 'n Oosie te wees!

Die Oosies vier die week LEESFEES!!!

En eie aan Oosie-tradisie is daar nie teruggehou nie, want in die woorde van Rick Holland:
"Die wêreld behoort aan dié wat lees!"

Die Oosies het daarna uitgesien om van Maandag, 13 Maart, tot Donderdag, 16 Maart, hul skooluniforms op te tooi in allerlei bykomstighede om die dag se leestema uit te beeld: van Divergent, The Cronicles of Narnia, Harry Potter en natuurlik Dr Seuss.

Vrydag, 17 Maart, pluk die Oosies behoorlik die dag in kostuums volgens elke graad se gekose boek!
Alwyn Uys kom praat die Oosies moed in en los vele stof tot nadenke vir die langnaweek!
Die Oosies word nie net geïnspireer nie, maar Alwyn skenk ook 5 van sy boeke as boekpryse!

Gedurende die LEESFEESweek is daar ook talle gelukkige trekkings, speletjies en aktiwiteite aangebied, elk met hul eie pryse op die spel:

- Dress A Door
- Boeke-skattejag
- BoekBingo!
- Ever After (herskryf die einde van 'n geliefde boek tydens ons kreatiewe skryfkompetisie!)
- Die Oosies sluit die laaste hoofstuk van die week af met 'n laaaaang pouse waartydens ons modeparade hou in ons kostuums!

Baie geluk aan al die week se wenners!
Oosies, julle is uit die boeke!

#oosietrots
#oosiegees
#oosieslees

# KLEURFEES

~ Mieke Jutte

Na ‘n besige kwartaal en stresvolle toetsreeks het die Oosies die eerste kwartaal afgesluit met ‘n prettige kleurfees! Die Oosies het gesokkie, baljaar, en kindwees geniet. Die onweer kon nie die Oosies keer om heerlike roomys te geniet nie.

Ná die kleurfees het die Oosies hul rapporte ontvang en met verligte harte die vakansie afgeskop om die volgende kwartaal wat op ons wag met nuwe lewenslus aan te pak!





# OOSIES OP TOER!

~ Kayleigh van der Merwe

Hierdie April-vakansie het die netbal, rugby en hokkie eerstespanne beslis nie leeggelê nie: Die Oosie-eerstes het op hulle verskeie toere vertrek.  Die toere was vol pret, baie lesse en formatiewe spanbouaktiwiteite om die Oosie eerstespanne voor te berei vir die seisoen wat op hulle wag.

Die eerste span wat hulle toer afgeskop het was die hokkiemeisies wat op 26 Maart na Volksrust vertrek het om deel te neem aan die Amajuba-sportweek.  Juffrou Prins en hulle afrigter, Juffrou de Wet, het hulle vergesel. By Volksrust is die dogters in koshuise verdeel en het met trots die skool se wapen om die veld gedra.

Die Dinsdag begin die dogters volstoom met verskeie klinieke om tegnieke en spanbou te bevorder. In die middae is wedstryde gespeel waar talle top professionele spelers raad en kennis met die dogters gedeel het. ‘n Totaal van sewe wedstryde het plaasgevind waarvan die Oosies ses gewen het. Die dogters eindig die toer op 29 Maart nadat nuwe vriendskappe en gees vir die toekomende seisoen onder die span gevestig is.

Die volgende toer van die vakansie laat geen tyd vir laatslaap nie aangesien die rugbyseuns op 30 Maart om 4 uur die oggend alreeds na Graaff-Reinet vertrek. Die manne arriveer om 3 uur die middag en moes bykans onmiddellik berg op stap en ‘n drafsessie inwerk voor aandete bedien kon word. Die volgende oggend vat die seuns weer die pad na Oakdale toe. In Oakdale begin die manne met spanbousessies en ‘n bietjie touch rugby. Saterdag word die eerste wedstryd teen Labori met trots gespeel en gewen. Sondag is die manne kerk toe, gevolg deur ‘n braai in Stilbaai en ‘n swem in die lagoon.



Maandag speel hulle, hulle tweede wedstryd teen Paarl Vallei en na ‘n harde geveg verloor hulle ongelukkig 21- 23.

Dinsdag is by Mosselbaai geswem en rugby op die strand geniet. Woensdag, 5 April, word die laaste wedstryd teen Port Rex gespeel en hierdie keer wen die Oosie-manne loshande.

Daarmee is tyd in Oakdale verstreke en vertrek die seuns huis toe. ‘n Oorslaap by Graaff-Reinet is die eerste goeie slaap vir die seuns voor hulle die laaste stukkie pad huis toe aandurf op 6 April.

# V E R V O L G . . .

Net voordat die Oosies terugkeer vir die tweede kwartaal vertrek die netbalmeisies op 7 April om 10 uur na Bela-Bela waar hulle by Swartkloof Game Reserve tuisgaan. Daardie aand het hulle ‘n “night walk” aangepak van ongeveer 5 km in die bosveld wat vir sommige veels te lank gevoel het. Die volgende oggend om 6 uur begin die dogters met Wake up shake up – ‘n danssessie om hulle wakker te kry.

Vervolgens pak die dogters spanbou-aktiwiteite aan en voltooi selfs ‘n hindernisbaan vol modder en sand. Na ‘n goeie stort kon die netbalbaan betree word om aan tegnieke te werk. Hulle speel later ook wedstryde teen Gens wat eerstejaarstudente is om hulle kennis toe te pas. Hulle speel ook teen ander skole en wen met trots hulle wedstryde.

Die dogters speel in die aande talle ander speletjies soos Minute to win it en karaoke. Hulle begin die volgende dag met waterspele en ontmoet vier Protea-spelers om hulle af te rig. Daardie aand is ‘n safari walk waar die netbalmeisies leeus en ander wilde diere aanskou. Die laaste dag kan hulle nie speel nie as gevolg van die reën en vat eerder die pad huis toe om voor te berei vir die skool begin wat eersdaags begin.

Al die toere was baie suksesvol, vol pret, en elke speler is aangemoedig en geïnspireer om hulle volle potensiaal n ate streef en te bereik in die wintersportseisoen wat voorlê.



# EUROPA-TOER SORG VIR VELE HOOGTEPUNTE



~ Mieke Jutte

"Die Europa-toer was 'n opwindende vakansie, maar so ook 'n groot leer- en lewenservaring! Ons het baie geleer van ander lande se kulture en manier van dinge doen. Elke aktiwiteit en ervaring in Europa was vet pret gewees, elk met sy eie kosbare betekenis, maar vir my was die hoogtepunt die Kitzsteinhorn Ski Area.

Om met 'n kabelkar meer as 3000 m teen 'n berg op te ry, was 'n belewenis gewees! Om in die sneeu te speel en rond te hardloop was vreeslik lekker. Ek sal dit enige tyd weer doen en vir enigeen aanbeveel." Dit is die kommentaar van Kaylize Schutte (graad 11). Kaylize was een van die gelukkiges wat die afgelope vakansie deur Europa kon toer saam met 'n groep Oosies.

Terwyl die res van die Oosie-leerders die eerste kwartaal afgesluit het met 'n prettige kleurfees het die 29 leerders en ses onderwysers vertrek op die asemrowende Europa toer.

In 15 dae, onder leiding van meneer Kokkie Herman en juffrou Silvi Herman, is 'n groot avontuur meegemaak.

Op 23 Maart het die gelukkige klomp Oosie-toeriste mekaar al vroegoggend by O.R. Thambo Internasionale Lughawe ontmoet met 'n eeuelange vlug van 9 uur na Doha net om weer op 'n tussenstopvlug te klim Parys toe.

Die tweede dag het die toergroep Euro Disney besoek waar elke kind se droom uitgeleef is deur die verkenning van die Disney-kasteel en Walt Disney Studio's se gronde.





## VERVOLG...

Die derde dag is die besondere Eiffeltoring en die bekende Arc De Triomphe verken. Dit was sonder twyfel prentjiemooi. Dag vier is hulle planne heeltemal omver gegooi toe hulle vlug op pad Salzburg toe gekanselleer is. Die toegroep het toe liewer 12 uur op 'n bus gery om ontslae te raak van die vlugvloosheid. Op dag vyf is die Hallein Soutmyn besoek. Daar is in die sneeu baljaar, waar baie van die Oosies vir die heel eerste keer sneeu gesien. Dit was vir hulle 'n wit gepoeierde belewenis vol sneeubalgevegte en egte glimlagte.

Die sesde dag is die Kitzsteinhorn-berg gaan verken deur gebruik te maak van 'n kabelspoor wat 3000m hoog is. Dit was minus 16 grade Celsius gewees. Juffrou Rossouw het vier pare broeke, vier hempde, vier pare kouse en twee baadjies gedra in die koue weer. Dag sewe het die toergroep vertrek na Venesië waar die einste Swarowski-fabriek gaan besoek is, maar geluk was nie aan hul kant gewees nie. Die bus se battery was pap! Toe hulle uiteindelik die fabriek kon verlaat, het hulle 'n watertaxi geneem na hul akkommodasie toe. Die agste dag het hulle 'n rustige dag gehad en "geshop till they drop." Dag nege het die Oosie-toeriste vertrek na Ljubljana waar hul die antieke dorpie Lipica gaan besoek het. Hier kon hulle pragtige perde sien. Op die tiende dag het hulle vertrek Wene toe, hul vrye tyd geniet en die mooi groen parke en museums gaan besoek. Dag elf het die Oosie-toeriste op 'n bootvaart gegaan op die Danube-rivier en pragtige landmerke van Wene gesien, insluitend die Schonbrunn-paleis.



Die natuurlike prag wat hulle omring het, was hartroerend gewees. Die twaalfde dag het hul vertek na Linz toe waar hul pragtige antieke geboue bewonder het soos die St. Martin's kerk. Die dertiende dag vertek die Oosies Praag toe en verken "Windsor" en sy mooi kastele. Die agitektuur van die kastele was buitewêrelds om te beleef en van naby te bestudeer. Op die veertiende dag is die Ilussions of Art Museum en die bekende sterrekunde horlosie besoek. Dag 15 het die Oosie-reisgroep met seer harte Europa gegroet en terug gevlieg huis toe.

Dit was n bittersoet einde gewees. Emma Hatton-Jones (graad 10) som dit mooi op: "Ons het onsself gate uit geniet en sal die mooi herinneringe vir ewig koester."

# VOLG ONS NUUS...

WWW.OOSTERBEELD.CO.ZA

HOËRSKOOL OOSTERLIG

H.SKOOL.OOSTERLIG

HOËRSKOOL OOSTERLIG



